NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

NWU Aanlyn Publikasiebeleid

Verwysingsnommer	6P/6.2.3.2.1
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Institusionele Bevordering
Beleideienaar	Uitvoerende Direkteur: Institusionele Bevordering
Verantwoordelike afdeling	Institusionele Bevordering
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	22 November 2013
Wysigings	Hierdie beleid vervang die Webbeleid soos goedgekeur deur die Raad op 10 Junie 2011.
Datum van wysigings	Hierdie beleid is hersien gedurende 2013.
Hersieningsdatum	2015
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres op die beleid-databasis	SHARE Management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\database/policy documents\6P-6.2.3.2.1-online_a.docx

NWU Aanlyn Publikasiebeleid

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie NWU Aanlyn Publikasiebeleid op 22 November 2013 aanvaar.

Hierdie beleid vervang die Webbeleid wat op 10 Junie 2011 deur die Raad aanvaar is.

2 Beleidsverklaring

Dit is die NWU se beleid om ter ondersteuning van die kernbesigheid van die Universiteit 'n meertalige teenwoordigheid op die internet te vestig en aan die behoeftes van sy belanghebbendes en gehoor te voldoen. Dit verseker die Universiteit se sigbaarheid op die internet en streef na internasionale erkenning van sy onderrig-, leer-, navorsings- en gemeenskapsbetrokkenheidsbedrywighede. Alle aanlyn gepubliseerde inhoud ter ondersteuning van die Universiteit se doelstellings vorm deel van die Universiteit se digitale bates. Die doel van hierdie beleidsdokument is om die personeel van die NWU van die nodige leiding te voorsien aangaande die publikasie van aanlyn inhoud wat toeganklik is in die publieke domein.

3 Definisies

Aanlyn publikasie, sowel as die inligtingstegnologie daaragter, is 'n unieke terrein waar aspekte van besigheid, inligtingstegnologie en redaksieterminologie 'n unieke mengsel vorm wat moeilik kan wees om te interpreteer. Die onderstaande termbepalings dien dus om te help vorm gee aan die prosedures soos uiteengesit in hierdie beleid en om 'n gedeelde begrip te skep van die terminologie wat gebruik word binne die aanlyn omgewing aan die NWU.

3.1 Internet

Die internet is 'n kollektiewe stelsel van aaneengeskakelde netwerke bestaande uit bedieners, rekenaars en verwante gekoppelde toestelle wat data en inligting bevat of oordra via die TCP/IP-protokol, en wat beskikbaar is aan 'n globaal genetwerkte publiek.

3.2 Gebruikertegnologieë

- **NWU-webwerf**

  Dit beteken die URL www.nwu.ac.za (hoofdomein) en sy subdomeine

- **Subdomein**

  Dit beteken 'n domein wat deel is van 'n groter domein. (vb. www.xxxx.nwu.ac.za, waar 'xxxx' na die subdomeinnaam verwys)

- **NWU-intranet**

  Dit beteken die NWU-webwerf wat slegs vir personeel toeganklik is en wat hoofsaaklik vir interne kommunikasie gebruik word, sowel as vir die voorsiening van organisasiehulpbronne aan interne belanghebbendes.

- **Inhoudbestuurstelsel (IBS)**

  Dit is 'n stelsel bestaande uit toepassingsagteware en 'n databasis wat dit vir aanlyn redakteurs (publiseerders) moontlik maak om inhoud aanlyn in HTML-formaat te publiseer.

- **Mobi-werf**

  Dit is 'n selfdiensverwante mobiele internetwerf wat toeganklik is vir selfone, met inhoud wat spesifiek vir mobiele toegang aangepas is.

- **Mobiele Toepassing (Apps)**

  Dit is ’n sagtewaretoepassing wat op draadlose mobiele toestelle gebruik word.

3.3 Aanlyn Inhoud

Enige teks-, beeld-, video- of oudio-inhoud wat gebruik word om inligting of boodskappe aan ’n aanlyn gehoor op die internet oor te dra.

3.4 E-handel

E-handel is ’n aanlyn besigheidsmodel wat die verspreiding van dienste en produkte teen betaling fasiliteer. (Vir die doeleindes van hierdie beleid sluit dit ook M-handel in, ’n term wat gebruik word vir aanlyn, mobiele verspreiding van dienste.)

3.5 Sosiale Media

Enige stelsel wat ten doel het om aanlyn gebaseerde gemeenskapsgroepe te skep wat daarop ingestel is om interaksie tussen individue te fasiliteer, hetsy sosiaal of professioneel, soos Facebook, Twitter, Blogs, Google+, YouTube, ens.

3.6 Internetprotokolle

Dit is ’n stel internasionale standaarde (protokolle) normaalweg bekend as IP- en TCP/IP-tegnologieë, wat op netwerke gebruik word wat aan die internet gekoppel is.

3.7 Netwerk

’n Netwerk bewerkstellig interkonnektiwiteit tussen rekenaars en soortgelyke toestelle met die vermoë om aan ’n lokaleareanetwerk (LAN), ’n wyeareanetwerk (WAN) of die internet te koppel, hetsy deur kabel- of draadlose koppeling.

3.8 Databasis

Dit is ’n relasionele of hiërargiese struktuur van entiteite wat data in ’n rekenaarstelsel stoor en waaruit inligting onttrek kan word om aanlyn gepubliseer te word of vir ander gebruik, bv. om te help met bestuursbesluitneming.

4 Reëls

4.1 Hierdie beleid is van toepassing op alle NWU-personeel, studente en diensverskaffers wat aanlyn inhoud ontwikkel en/of publiseer, sagtewaretoepassings ontwikkel met die oog daarop om inhoud aanlyn te ontwikkel en/of te publiseer, en die instandhouding van sodanige gebruikertegnologieë.

4.2 Hierdie beleid moet gelees word in samehang met die volgende institusionele beleide en riglyne:

- Die waardes van die Universiteit
- Beleid oor die Verantwoordelike Gebruik van Inligtings- en Kommunikasietegnologie, Netwerke en Inligtingshulpbronne aan die Noordwes-Universiteit
- Handelsmerkidentiteitbeleid
- Mediabeleid
- Taalbeleid
- Rekordbestuursbeleid
- Sosiale Media-riglyne

4.3 Alle aanlyn inhoud wat op ’n aanlyn gehoor gerig is en vir openbare toegang bedoel is, moet gepubliseer word op ’n bedieneromgewing wat gehuisves en in stand gehou word deur die departement Inligtingstegnologie Sentraal (ITS) van die NWU.

4.4 ’n Uitsondering op die reël in 4.3 (hierbo) kan oorweeg word, op grond van goeie besigheidsbeginsels, indien die diens nie deur ITS verskaf kan word nie en ná die nodige oorlegpleging met ITS en die Institusionele Bevorderingskantoor.

4.5 Aanlyn inhoud moet gepubliseer word met inagneming van die gebruikertegnologieë wat in gebruik is, soos tafelrekenaars, tabletrekenaars en selfone.

4.6 Aanlyn redakteurs (publiseerders) is verantwoordelik daarvoor om seker te maak dat inhoud aan die kwaliteitsriglyne voldoen voordat dit op die internet gepubliseer word.

4.7 Die integriteit en reputasie van die Universiteit moet te alle tye gehandhaaf word.

4.8 Alle aanlyn redakteurs (publiseerders) moet IBS-opleiding en opleiding in aanlyn redigering ondergaan.

4.9 Redaksionele integriteit van aanlyn inhoud moet te alle tye gehandhaaf word.

4.10 Soekenjinoptimalisering (SEO) moet gehandhaaf word.

4.11 Bruikbaarheid, gebruikerfokus, toeganklikheid is sleutelaflewerbares in alle areas van verantwoordelikheid.

4.12 Alle inisiatiewe verwant aan e-handel (bv. derdepartyadvertering op internetgebruikertegnologieë, handskudooreenkomste, handelsmerkgebruik, ontvangs van aanlyn betalings vir goedere en dienste, ens.) moet behartig word in ooreenstemming met die toepaslike finansiële beleide en riglyne van die NWU en in oorleg met die Institusionele Bevorderingskantoor en ITS waar van toepassing.

4.13 Alle publikasies, informeel sowel as formeel, op sosialemediaplatforms moet die NWU se strategiese en operasionele doelstellings ondersteun en moet aan die sosialemedia-riglyne voldoen.

4.14 Subdomeine van die NWU-webwerf sal geskep word ter ondersteuning van die kernbesigheid van die Universiteit en volgens riglyne.

4.15 Administrasieregte vir derdepartyplatforms wat gebruik word om die doelstellings van die Universiteit te bevorder en te bemark, moet op aanvraag verskaf word aan Kampusdirekteurs Bemarking en Kommunikasie of die Uitvoerende Direkteur Institusionele Bevordering.

5 Rolle en verantwoordelikhede

5.1 Die Raad is verantwoordelik vir die daarstel en goedkeuring van die NWU Aanlynpublikasiebeleid.

5.2 Komitee vir Handelsmerkvestiging, Bemarking, Kommunikasie en Bevordering (HBKB)

- Institusionele Bestuur, met delegeringsmagte aan die HBKB, is oorhoofs verantwoordelik daarvoor om te verseker dat die aanlyn teenwoordigheid van die NWU doeltreffend en verantwoordelik binne die NWU bestuur word in ooreenstemming met die gestelde regulasies en prosedures.
- Die HBKB is oorhoofs daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die aanlyn teenwoordigheid van die NWU in ooreenstemming is met die strategiese doelstellings van die NWU.
- Die HBKB gee riglyne en leiding m.b.t. voorgestelde beleidsveranderings in die NWU se Aanlynpublikasiebeleid.
- Die HBKB verseker konsekwentheid wat betref die toepassing van die korporatiewe identiteit en handelsmerkstandaarde in die aanlyn omgewing.

5.3 Institusionele Bevorderingskantoor

- Die Institusionele Bevorderingskantoor (IBK) is die rentmeester van die NWU se Aanlyn Publikasiebeleid.
- Die IBK skakel met kampusse en ITS oor gebruikersbehoeftes en gebruikerstegnologie-ontwikkelingsbehoeftes.
- Die IBK skakel met Onderrig en Leer, Navorsing en Gemeenskapsverbintenis se inhoudeienaars op Institusionele vlak.
- Die IBK beplan en hou toesig oor die ontwerp, inligtingstruktuur, navigasiestruktuur en ontwikkeling van gebruikertegnologieë ooreenkomstig vasgestelde riglyne en standaarde.
- Die IBK is verantwoordelik vir alle aspekte van die IBS-konsoleadministrasie, insluitende toegangsregte.
- Die IBK bied ŉ sentrale diens vir kliënt-/gebruikernavrae en ontwikkelingsvoorstelle.
- Die IBK doen navorsing oor gebruikersverwagtinge en -vereistes.
- Die IBK verskaf opleiding in redigering aan aanlyn redakteurs.
- Die IBK verseker dat die verantwoordelikheid van aanlyn kwaliteitsversekering op institusionele vlak aan aanlyn redakteurs (publiseerders) toegewys word.
- Die IBK verseker die beskikbaarheid van aanlyn redakteurs (publiseerders) op institusionele vlak.
- Die IBK verskaf bestuursverslae oor alle aspekte met betrekking tot die prestasie van gebruikertegnologieë wat tegniese sowel as nie-tegniese indikatore aanbetref.
- Die IBK meet die aanlyn teenwoordigheid van die NWU.
- Die IBK hou toesig oor die bestuur van projekte wat verband hou met die ontwikkeling en implementering van aanlyn moniterings- en inkoppelingstegnologieë.

5.4 Inligtingstegnologie Sentrale Kantoor (ITSK)

- ITSK skakel en koördineer met die IBK om besigheidsbehoeftes te bepaal vir die vestiging van aanlyn gebruikertegnologieë.
- ITSK bied stabiele toets- en produksiebedieneromgewings wat geskik is vir die hantering van groot volumes internetverkeer.
- ITSK implementeer netwerktegnologieë en internetprotokolle om toeganklikheid van aanlyn inhoud te ondersteun.
- ITSK verskaf databasisadministrasiedienste vir aanlyn inhoud, insluitende multimedia-inhoud, datarugsteun, dataherstel, datasekuriteit en data-integriteit.
- ITKS verskaf en implementeer dienste en tegnieke ter verbetering van netwerk- en bedienerprestasie.
- ITKS verskaf en implementeer gebruikersopleiding oor IBS-tegnologieë.
- ITKS implementeer gebruikertegnologie-toepassingsagteware vir aanlyn publikasie van inhoud.
- ITKS doen navorsing oor gebruikertoepassingsagteware en die tegniese vereistes daarvan, wat die NWU se vermoë sal uitbrei om aanlyn inhoud te verskaf.

5.5 Kampusdirekteurs Bemarkings- en Kommunikasiekantore (KDBKK's)

- KDBKK's skakel en koördineer met die IBK en ITS om besigheidsbehoeftes te bepaal vir die vestiging van aanlyn gebruikertegnologieë.
- KDBKK's verseker dat daar tydens die publikasie van aanlyn inhoud aan alle reëls, prosesse en prosedures voldoen word.
- KDBKK's ontwikkel en publiseer aanlyn inhoud ter ondersteuning van die kampus se kernverantwoordelikhede.
- KDBKK's verseker dat die verantwoordelikhede van aanlyn kwaliteitsversekering aan aanlyn redakteurs (publiseerders) toegewys word.
- KDBKK's verseker die beskikbaarheid van aanlyn redakteurs (publiseerders).
- KDBKK's verbeter die teenwoordigheid van die kampusse op die internet en posisioneer hulle in die breër konteks van die NWU;
- KDBKK's ontwikkel en handhaaf volhoubare aanlyn kommunikasieprosesse wat die kampusmissie, -doelwitte en -doelstellings ondersteun deur 'n aanlyn teenwoordigheid.
- KDBKK's verseker die konsekwentheid van aanlyn handelsmerktoepassing.
- KDBKK's verseker dat kampusspesifieke aanlyn inhoud in ooreenstemming is met die diensaanbod van die kampus.

5.6 Kantoor van die Institusionele Registrateur

- Verskaf regsdienste en advies m.b.t. aanlyn publikasie van inhoud, insluitende outeursregkwessies, intellektuele eiendomskwessies, aanlyn kontraktuele ooreenkomste, verbruikersregte, en bepalings en voorwaardes van die gebruik van inhoud.
- Identifiseer potensiële regsrisiko's wat die publikasie van aanlyn inhoud affekteer.

6 Wysigings/hersiening

Enige NWU-personeellid of -student mag sonder vrees of vooroordeel enige voorstel vir verbetering van hierdie beleid voorlê aan die Institusionele Bevorderingskantoor. Alle veranderings is onderhewig aan die goedkeuring van Institusionele Bestuur en die Raad.

Hierdie beleid moet ten minste elke twee jaar hersien word.

Oorspronklike gegewens: Cobus Steenkamps(21546118) 6P/6.2.3.2.1NWU Aanlyn Publikasiebeleid.docm
26 November 2013

Verwysingsnommer: 6P/6.2.3.2.1